Helpmekaar Kollege

NUUSBRIEF 35

6 Desember 2023

JOURNEY

'n Gebeurtenis waarna elke Helpie van Graad 8 af uitsien.

'n Graadtoer wat elke Graad 11 leer dat hulle 'n plekkie in die son het.

'n Belewenis wat nooit vergeet sal word nie.

Met elke kilometer wat vanjaar se Graad 11-groep op die strand of in die bos afgelê het, het hulle die betekenis van "Ons Plek" beter verstaan.

Nie net is hulle uithouvermoë en fisiese fiksheid getoets nie, maar hulle kreatiwiteit, spanwerk en *mental toughness* is ook op die spel uitgedaag met die verskeidenheid aktiwiteite wat hulle aangedurf het. Van die kleremaak vir die Saterdagaand se modeparade tot kettie-skiet en legkaartbou, het die matrieks van 2024 op nuut die doel van die *Helpie Way* besef.

Die sand in hulle skoene en die sonbrand op hulle skouers kon nie kers vashou by die hope pret wat dié *Journey* geskep het nie.

Saam met die fenomenale onderwysersgroep wat die Graad 11's vir die vyf dae begelei het, het die graadgroep sterker aan die ander kant uitgekom en sien hulle nou kans om enige sruikelblokke wat 2024 vir hulle bied, sáám aan te durf.



Graad 10 KAMP

"Look deep into nature, and then you will understand everything better" - Albert Einstein.

Die graad 10's het die geleentheid gekry om van 30 November tot 3 Desember 'n nuutgevonde waardering vir natuurbewaring te ontwikkel. Die jaarlikse graad 10-toer is in samewerking met Rhino Connect by U-Bhethyan-O-Africa aangebied. Die fokus was spesifiek op renosters en die waardevolle werk wat hierdie organisasie doen om te verseker dat hierdie pragdier deel van die Afrika-landskap kan bly. Nie net is die waarde van bewaring deur die loop van die vier dae vasgelê nie, maar is nuwe vriendskappe ook gesmee Daar is geleer om vas te byt en om saam te staan.

WELCOME
Help ~
mekaar
kollege
2023



DO
MORE
OF WHAT
MAKES YOU
HAPPY.
RFNRY

NIKE
NIKE

Graad 8

Ná 'n jaar van aanpas, leer en lag het die graad 8's in en om die skool getoer en aan hul vaardighede geskaaf.

Ons het 'n dag in die natuur by Klipriviersberg Natuurreservaat spandeer en ons oriënteringsvaardighede beproef. Die buitelug en son het die eksamenbelaaide-breine help ontlaai.

Ons het padveiligheid beoefen en die graad 8's kan nou almal mamma se wiel omruil as die motor dalk 'n pap wiel kry. Ons het geleer om met elektrisiteit te werk en knope aan te werk. Ons het by die Oorlogsmuseum gekuier en 'n praatjie oor sosiale media en die wet bygewoon. Hier het ons geleer hoe om onsself te beveilig wanneer ons sosiale media gebruik.

Elke graad 8 het hulle waarde in sement vasgelê in die mosaïektafel by ons nuwe kuierarea.

Dit was 'n heerlike kamp, waar ons sommer net weer met mekaar kon *connect* en op die jaar wat was, kon reflekteer.

MMXXIV
VENI,VIDI,VICI

SAS
TAFELBERG

Skryftalent is volop

Charlie Baard en **Alexi Davel (albei gr. 8)** het aan Beeld se Kreatiewe Skryfkompetisie 2023 (opstel-afdeling) deelgeneem en albei is as toppresteerders aangewys - hulle het tussen 85-90% vir hul opstelle behaal.

Dans

Wel gedaan aan **Danni Carr (gr. 9)** wat Suid-Afrika verteenwoordig het by Internasionale Dans Oop-Finale.

Helpies maak hul harte oop

Die Helpies het in die week van 23 tot 27 Oktober hulle hande diep in hulle sakke gesteek en ook hulle moue opgerol om ons gemeenskap te dien, want dit maak ’n mens gelukkiger om te gee as om te neem.

Ons Gr. 8’s het verseker dat die Randburg DBV nie in ’n verknorsing gaan sit tydens die kersseisoen nie. Naomi en Victor Bosman het hier saam met juf. Mariaan ingespring en verseker dat al die ingesamelde produkte hulle bestemming bereik. Ons is dankbaar dat ons hierdie organisasie so mildelik kon help! Baie dankie vir elke pakkie honde- en katkos asook komberse en speelgoed!

Die Gr. 9’s het verseker dat die Parksorg-inwoners ’n heerlike feesseisoen sal beleef! Dankie vir heerlike koekies, koffie en allerlei heerlikhede. Die inwoners gaan beslis ’n feestelike seisoen met ’n ekstra soetigheid en beskuitjie beleef.

Ons Gr. 10’s het met hulle ongelooflike bydrae verseker dat Teddy Bear Clinic genoeg teddies en opvoedkundige speelgoed het om hulle kinders vir hofsake voor te berei. Dit is nie ’n maklike saak nie. Baie dankie aan Hennie Beyer en Simon wat gesorg het dat die insamelings veilig by Teddy Bear Clinic afgelewer is.

Laastens het die Gr. 11’s hul hande en harte oopgemaak vir die Abraham Kriel-kinderhuis. Alles wat tieners altyd net as normaal aanvaar, is vir hierdie kinders ’n groot geskenk. Vir elke botteltjie spuitgoed, haarwasmiddel en ander benodigdhede, dankie! Dankie aan juf. Maryke wat ook hierdie produkte veilig by die tehuis afgelewer het!

Pet-oorhandiging vir krieketsterre

Ses van ons leerders en twee van ons onderwysers is verkies tot **Provinsiale Leeus-krieketspelers en spanbestuurders** en het die oorhandigingseremonie by die Wanderers-stadion bygewoon.

Agter v.l.n.r.:
mnr. Phillip Kemp (o.15-spanbestuurder), Tjaart Mentz (o.19A), Henricus Meyer (o.19A),
Kyle Swanepoel (o.16A), Juan Minnaar (o.17) en
mnr. Willie v.d. Berg (o.19A-spanbestuurder)

Voor v.l.n.r.:
Heinrich Minnaar (o.15) en Keegan van Schoor (o.15)

Tennis

Jonny Visagie (gr. 8) is verkies tot die Sentraal Gauteng o.15 A-tennisspan wat in 2024 aan die provinsiale toernooi gaan deelneem.

Zian Grobler (voornemende Welpie) is verkies tot die Sentraal Gauteng o.15 B-tennisspan.

Fencing

Keagan van Nieuwenhuizen (gr. 8) het aan die Fencing National Championships deelgeneem en die volgende prestasies behaal:
Derde plek: o.17-*foil* en o/17-*epee*
Tweede plek: o.15 -*foil*, sowel as tweede plek as lid van die Mans Senior Gauteng-span in die *foil*-item.

By die Cape Provincial Open het hy ‘n tweede plek in o.17-*foil* (floret) behaal en ’n derde plek in o.17-*epee* (degen).

Karate-koningin

Nina Boonzaaier (gr. 9) het van 27 tot 29 Oktober haar Karate junior Swartbelt-graduering geslaag in beide Randori (*freestyle fighting*) en Kumite (*ritzualized fighting sequences*)

As 14-jarige is sy een van min vroulike kandidate om hierdie prestasie te behaal. Sy beoog om aan die einde van volgende jaar in Japan te oefen en daar haar senior swartbelt te verwerf.

Snoepie

Vanaf Januarie 2024 sal slegs die voglende betaalmiddels by die snoepie aanvaar word:

Leerders
ALLXS-kaarte of -toep

Ouers en besoekers
Debiet- of kredietkaarte

Opwindende nuus

Die snoepie bo by die saal sal ook voortaan gedurende pouses oop wees en leerders sal daar aankope met hul ALLXS-kaarte kan maak.

VEILIGE VAKANSIETYD EN DIGITALE DETOX

***Deur Rianette Leibowitz**, skrywer van Maak Jou Kind SKERMSLIM, digitale ouerskapkenner en stigter van SaveTNet Cyber Safety*

Die vakansie is uiteindelik om die draai en saam met dit kom die opwinding van kuier, reis en tyd saam met geliefdes spandeer. Dit is ook die tyd van die jaar wanneer mens lekker ontspan en soms minder bedag is op die inligting wat aanlyn gedeel word, en hoe dit ons (en ons kinders) blootstel.

Om veiliger te wees, hou die volgende in gedagte:

- ***Location Sharing*** – sekere *apps* wys waar jy tans is *(live location sharing)* en kan selfs ander mense op die *app* laat weet dat jy in die omgewing is. Dit sluit vriende en vreemdelinge in. Wees versigtig wanneer jy jou ligging deel - veral kinders moet bedag wees op kriminele wat daarop uit is om hulle te vind. Deel WEL jou ligging met jou familie, sodat julle mekaar kan vind wanneer julle mekaar dalk op die strand misloop of in verskillende rigtings beweeg. Dit help ook indien jy jou selfoon verloor, dan kan almal saam werk om dit te vind.

- ***Checking in –*** wanneer jy op sosiale media aandui dat jy by die lughawe is, dui dit ook dat jy nie by die huis gaan wees nie. Verseker dat jou stellings só gekies is dat nét mense wat jy vertrou hierdie tipe inlgiting sien, óf wag tot julle terug is van vakansie en deel dan al die opwindende foto's en videos.

- ***Oop wifi*** – moenie banksake of aanlyn inkopies doen terwyl jy 'n oop en gratis internet-konneksie by publieke plekke gebruik nie. Dit kan makliker ge*hack* word en daar is baie oë en kameras wat jou wagwoorde en *pin* kan sien.

- ***Publieke 'charging stations'*** – gewoonlik gebruik jy 'n USB-skakel om jou toestel (selfone, tablette, ens.) in te prop sodat die battery kan laai. Dit kan moontlike toegang gee tot 'n ander toestel wat dalk aan daardie konneksie gekoppel is en sodoende kan die inligting op jou foon dalk blootgestel word.

- ***Bluetooth konneksies met huurmotors*** – fokus op die tipe inligting wat die huurmotor van jou selfoon stoor en hoe dit toegang kry tot ander inligting.

- ***Foto's en video's se data*** – digitale toestelle kan waardevolle inligting gee oor die foto's en video's wat ons neem. Ons noem dit metadata of *Exchangeable Image File* (EXIF or Exif). Dit sluit inligting in soos die tipe toestel wat gebuik is, die datum, tyd en selfs die koördinate. Daarom is dit beter om jou selfoon op *airplane mode* te sit wanneer jy spesiale oomblikke by die huis op kamera vasvang.

- ***Wagwoorde*** – maak seker jy weet wat al jou wagwoorde is en indien nodig, hernu/verander hulle sodat jy nie dieselfde wagwoord vir alles gebruik nie.

- ***Find my device*** – daar is verskeie opsies beskikbaar wat jy kan gebruik om jou toestel te vind indien dit verlore raak.
  Kyk na die opsies wat die verskillende selfoonvervaardigers en Google jou bied en stel dit op voordat julle met vakansie vertrek.

Alhoewel ons digitale konneksie wil behou, onthou om 'n digitale detoks te doen. Dit is nie net goed vir jouself nie, maar ook voordelig vir die mense saam met wie jy tyd spandeer. Hier is 'n paar idees om te probeer:

- Stem saam as gesin of vriendekring dat daar sekere tye in die dag geen toestelle en aanlyn konneksie gaan wees nie. Laat weet ook belangrike mense dat julle die fone gaan afskakel en nie noodwendig dadelik op boodskappe en oproepe gaan reageer nie (en dat hulle nie bekommerd hoef te raak nie).

- Steek sosiale media-*apps* weg deur ’n aparte leêr op jou selfoon te skep of gaan sit dit op ’n ander plek, sodat dit moeiliker is om dit oop te maak. Dit gaan jou meer bewus maak wanneer jy dit uit gewoonte probeer oopmaak.

- Onthou om jou ‘out of office’ e-posstellings in plek te kry en, indien moontlik, verwyder jou werk se e-pos en ander *apps* wat jou aandag gaan aftrek en nuuskierig maak (of laat bekommerd voel).

- *Notifications* kan baie steurend wees en spesiale oomblike saam met geliefdes versteur. Sit dit eerder af, sodat jou foon nie vibreer, flikker of ’n boodskap op die skerm laat verskyn nie.

- Wees ook krities oor die nuus wat jy lees, kyk en luister gedurende die vakansietyd.

- Dink saam aan opwindende aktiwiteite wat julle as gesin kan doen of doen iets alleen waarvoor jy nie gewoonlik tyd kry nie. Hou piekniek en kyk vir die wolke, gaan stap, haal die bordspeletjies en legkaarte uit die kas en speel met ’n bal.

- Let op hoe jy voel – emosies, frustrasies – en wat jou verras gedurende hierdie tyd.

- Dink oor jou digitale gewoontes en gesels oor watter veranderinge julle kan maak om meer in beheer te wees van die tyd en aanlyn aktiwiteite in die nuwe jaar.

Ek deel graag my Digitale Detoks-pakket wat jou sal lei om na jou aanlyn gewoontes te kyk, praktiese wenke oor aanpassings wat jy kan maak, en hoe om te beplan vir 2024 om jou digitale welstand en aanlyn veiligheid deel van jou prioriteite te maak. Stuur net ‘n e-pos aan **hi@rianette.com** dan deel ek die PDF-dokument met jou.

Deel gou die artikel met vriende en familie, want só raak jy deel van die rippel-effek wat verantwoordelike digitale burgerskap aanmoedig.

Ons is op soek na **'n Helpie-ouer** wat 'n

BOEK- EN LEESLIEFHEBBER

is en sal kans sien om twee dae 'n week beheer te neem van ons biblioteek op die boonste vloer van DI Hub.

Kontak gerus vir juf. Jana Theron vir enige navrae:

admin@helpmekaar.co.za

Begin van 2024

Saterdag, 6 Januarie

Hoe laat?
Empire (vanne A-G) 08:00-09:00
Melle (vanne H-Q) 09:00-10:00
Smuts (vanne R-Z) 10:00-11:00

Waar?
Graad 9: Forumsaal
Graad 10: Skoolsaal
Graad 11: Koshuis-eetsaal
Graad 12: Odeon

Parkeer by Rand Girls en Helpmekaar se parkeerarea

Die sekuriteitswagte sal aandui wanneer die parkeerarea vol is. **Gee asb. gehoor hieraan - dit is uiters frustrerend wanneer ouers voor die hek luier en met wagte redeneer oor waar hulle eerder wil parkeer.**

Meld aan by een van die graadvoogde by die toepaslike lokaal.

Indien u bestelling nie 100% in orde is nie, sal u na juf. Lizanne in die personeelkamer verwys word.

Indien u bestelling in orde is, sal ‘n portefeuljeleerder u na u kind se boeke in die lokaal neem.

U of u kind moet dan die boeke in die pakkie kontrolleer met die drukstuk in die pakkie (volgens u bestelling).

U sal dan verwys word na ‘n sekere tafel om te teken om te bevestig dat die inhoud van die pakkie korrek is.

Indien daar ‘n fout is met die inhoud van die sak, moet dit hier aangeteken word.

“Ek kan nie my kind se handboeke op 6 Januarie afhaal nie!”

U kind kan sy/haar handboeke Woensdag, 10 Januarie tydens pouse by die boekstoor afhaal. Indien iemand anders dit namens u afhaal, moet hulle die inhoud van u kind se boekpakkie nagaan en daarvoor teken.

Verdere navrae:

Maandag, 8 Januarie

Eerste skooldag van 2024 vir Welpies en Graad 12's (07:30)

Woensdag, 10 Januarie

Eerste skooldag van 2024 vir Gr. 9 - 11 (07:30)

Vrydag, 12 Januarie

07:30 - Swem-Interhuis vir hele skool.
13:00 - Busse vertrek.
18:30 - Groentjiekonsert (wat skool mag bywoon)
(Alle verdere inligting m.b.t. Welpies, sal aan Welpie-ouers gekommunikeer word.)

2 2 4

TERMYN 1 (8 Januarie - 20 Maart)

8 Januarie: Maandag	Skool begin vir Gr.8 + 12
10 Januarie: Woensdag	Skool begin vir Gr.9 - 11
12 Januarie: Vrydag	Interhuisswemgala, Groentjiekonsert, Inhuldiging (gr. 8)
19 Februarie: Maandag	Skoolvakansiedag (reses)
13 Maart: Woensdag	Studiedag
14 Maart: Donderdag	Eksamen begin (Afr, Eng, Wisk/WG, Rek, Fis Wet)
20 Maart: Woensdag	Eksamen eindig en skool sluit vir die vakansie

TERMYN 2 (15 April - 2 Augustus)

15 April: Maandag	Skool heropen na vakansie om 07:30
3 Junie: Maandag	Eksamen begin tot 28 Junie
28 Junie: Vrydag	Skool sluit vir reses na laaste eksamenvraestel
8 Julie: Maandag	Skool heropen na reses om 07:30
29 Julie - 2 Augustus	Produksie
2 Augustus: Vrydag	Skool sluit vir vakansie na laaste produksievertoning

Lenteskool (gr. 12): 28 Augustus - 30 Augustus

TERMYN 3 (2 September - 4 Desember)

2 September: Maandag	Skool heropen na vakansie om 07:30
9 September - 4 Oktober	Rekordeksamen (gr. 12)
5 Oktober: Saterdag	Matriekafskeid
14 Oktober: Maandag	Gr. 12 - laaste saalopening + teken van hemde
15 Oktober: Dinsdag	Matriekgraduering
17 Oktober: Donderdag	Skool sluit vir reses om 13:30
22 Oktober: Dinsdag	Skool heropen na reses om 07:30
25 Oktober: Vrydag	Feesdag en Kenmekaar
1 November: Vrydag	Studiedag
2 - 29 November	Eksamen (gr. 8-11)
30 Nov - 4 Des	Graadtoere (gr. 8-11)
5 Desember: Donderdag	Rapporte elektronies beskikbaar

Geseënde Kersfees aan elke
Helpie-gesin